JUFFROU, EK MIS JOU!

O, Juffrou, ek mis jou.
Ek wens so jy was hier.
Dankie vir die skoolwerk
wat jy so gereeld aanstuur.

Dit is lekker om pajamas
pleks van skoolklere te dra,
maar die somme is te moeilik ...
wel, te moeilik vir my pa!

As gevolg van daardie virus
is die regte skool gesluit.
By ons huisskool moet ek
bed opmaak in my pousetyd!

Mamma is ons juffrou,
maar sy dreig om te bedank.
Die eetkamerstoel is hard,
en ek mis my ou skoolbank.

My irriterende kleinboetie
is my enigste klasmaat.
Ek probeer 'n opstel skryf,
maar hy praat en praat en
praat ...

My ma probeer haar bes
om die werk vir my te leer.
O, Juffrou, ek mis jou ...
maar Mamma mis jou meer!

© JACO JACOBS